# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 9:00**

## As die lewenspad vir ons te lank word, moet ons by die Here skuil

**Skriflesing:**
1 Konings 19:1-19
Jakobus 5:17-18

**Teksvers:**
1 Konings 19:3-4

**Sing:**
Ps 46:1, 6
Ps 139:1, 3, 11
Ps 102:1
Sb 28b
Ps 91:1, 6, 7, 8
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker:**
Ds Lourens Venter

Soms kan die lewe net een te veel word... Soms voel dit asof 'n mens net nie een tree verder kan gee nie. En dit is nie omdat jy nie weet wat God se beloftes is nie, dit is omdat jy net so moeg en uitgeput is dat jy nie verder kan nie, nie verder wil nie. Alles het net te veel geword...

Soms voel dit of 'n mens net wil weghardloop van al die sorge en probleme van die lewe. Maar waarheen sal 'n mens vlug? Elia het die woestyn in gevlug en daar onder 'n bossie gaan lê en gewens om te sterf.

Maar niemand kan vir die HERE wegkruip nie. Dit is die tema waarby ons vanoggend wil stilstaan: as die lewenspad vir ons te lank word, moet ons by die Here skuil. Ons kyk na die lewe van die profeet Elia, 'n mens net soos ons, daar onder die besembos 'n dagreis ver die woestyn in...

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die doop moet nie oorskat of onderskat word nie

**Skriflesing:**
Mat 28:1-20

**Teksvers:**
Mat 28:16-20

**HK**: Sondag 27

**Sing:**
Ps 111-2:1-4
Sb 8-1:1,2
Ps 146-1:1,8
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker:**
Ds Gerrit Kruger

Mat 28:16-20, word dikwels genoem die "Groot Opdrag". Dit is egter nie heeltemal waar nie, omdat elke opdrag en elke vers in die Bybel ewe belangrik is. Nogtans is dit 'n opdrag wat aan ons gegee word en wat ons baie ernstig ter harte moet neem. So ons moet verstaan wat dit beteken, waar dit vandaan kom en wat dit vandag van ons vra.

- Jesus praat met gesag. v18
- Jesus vra 'n aktiwiteit van ons. v19-20a
- Jesus is altyd by ons. v20b




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45 Nr 30 9 Augustus 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# Om 'n mens te wees...

Ons hoor gereeld dat mense op 'n "onmenslike" wyse moet oorleef. Daar is baie landsburgers wat in onmenslike omstandighede elke dag 'n bestaan moet maak; wat onmenslike werksomstandighede moet verduur; wat onmenslike behandeling ontvang ens.

Tog is daar 'n diep vraag wat dit werklik beteken om mens-"waardig" te wees. Ongelukkig word hierdie twee uiterste pole as die enigste vorm menslikheid gesien, waarby menseregte dan die skeidsregter is.

Volgens menseregte moet jy so en so behandel word en die volgende dinge ontvang om menswaardig te wees... As jy dit nie kry nie, het jy die reg om op jou menswaardigheid aanspraak te maak deur te protesteer...

So word die gedrag van mense negatief ingestel deur mensgemaakte wette om ons samelewing te orden om ons wese te laat leef en te bestaan met destruktiewe gedrag. Op hierdie wyse word die mens sy eie god. Elke mens moet deur sy eie opinies en eie regte self veg vir sy menswees. Die moderne eksistensialisme is bloot petrol op die vuur deur identiteitspolitiek en die "woke"kultuur. Want nou word elke mens vertel dat hulle self kan besluit wat hulle liggaam is...

Hierbinne lê 'n diepgewortelde tweestryd tussen Platoniese dualisme wat natuur en genade skei. Die liggaam is net die kerker van die siel. Maar terselfde tyd ook 'n eksistensiële realisme, dat ek net vir die hier en nou bestaan. Ek moet my beste lewe nou leef...

Nie een van hierdie filosofiese denkstrome kom egter by die antwoord uit wat dit beteken om mens te wees nie. Want al hierdie denke is gerig op die mens. Die begin en einde van alles gaan net oor ons. Dit kaap soms ook die Skrif om te beweer dat alles net gaan oor die mens. "Want so lief het God die wêreld gehad...."

Dit gaan egter oor meer as "die mens" in hierdie skepping. Die mens is geskep, nie vir homself nie, maar vir God. As kroon van die skepping is die doel van die mens om God te verheerlik. *"...sodat elkeen wat glo, die ewige lewe kan hê..."* Dit is, om God te dien en Hom lief te hê en Hom te verheerlik...

U sien, om mens te wees is om te verstaan dat jy broos is, soos Enos, om God te aanbid. Om te begryp wat Dawid uitroep in Psalm 8: "*Wat is die mens dat U aan hom dink*...?" Dan kom ons uit by die ware mens, Jesus Christus... Soos Pilatus Jesus aan die skare wys: "*Daar is die mens!*" Johannes 19:5

Vervolg op bl 4 ….

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/
en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



4. Elia het God se stem in die volgende gehoor:


Wind


Aardbewing


Vuur


Fluistering

5. Die weduwee se kos het nie minder geword nie. Dit was:


Druiwe


Meel


Melk

# Blaadjie vir Laerskoolkinders

## Die Here sorg vir Elia

**Omring die regte antwoord en kleur dan die prentjies in:**

**1. Elia was 'n**



Skaapwagter



Profeet



Koning

**2. Elia het hier gaan wegkruip vir die koningin**



Woestyn



Bos



See

**3. Hierdie diere het vir Elia kos gebring**



Honde



Arende



Kraaie



## *Ons gee om vir Mekaar*


"*...die Here sal my onder sy sorg neem*." Ps 27:10

- Dit gaan nie goed met Sylvia Krynauw se pa se gesondheid nie (B13—063 691 0019).
- Meelewing word betuig met Anne-Marie Loots na die afsterwe en begrafnis van Willie gedurende die week. Ons dink ook aan, Wynand en Yolandi Loots sowel as Mandie Cloete, en hul gesinne.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Katkisasie* (vir tuisonderrig)

Vandag—geen Volgende week: Les 17, Ps 100:4



## *Beroepe Nuus*

Beroepe aanvaar—Proponent GJ Venter (Jonker) na GK Totiusdal.

**Elektroniese uitstuur van rekeninge aan intekenare op Kerklike tydskrifte**

'n Vriendelike versoek is ontvang dat intekenare van die GKSA se kerklike tydskrifte asseblief hulle e-posadresse moet aanstuur na lois@gksa.co.za of tydskrifte@gksa.co.za tesame met: Voorletters en Van, Rekeningnommer [Kerkblad/Vroueblad/Slingervel] en E-posadres.

**Alethea Ministry**

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

**KOLLEKTES**

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo student

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

… vervolg van bl 1

Om mens te wees is om te verstaan dat jy geskep is deur God, met die doel om Hom te dien en te eer. Om mens te wees is om deel te hê aan die ware mens, Jesus Christus. Dit is om herstel te word na die beeld van God – om die Heilige Gees te ontvang.

Dan verstaan ons dat ons liggaam 'n tempel is van God! 'n Tempel waarin die Heilige Gees woon. Die liggaam is nie nikswerd nie, Jesus Christus het met Sy eie liggaam vir ons liggame betaal sodat ons nie in die helse vuur gewerp sal word nie, maar in die hemelse heerlikheid sal deel.

Dit is tog wat ons bely aan die Nagmaalstafel, dat die brood ons gemeenskap is met die liggaam van Christus... En dan eet ons daardie brood sodat ons liggaam versterk kan word.

Daarom bely ons ook, as die fondament van dit wat ons glo, wat ons ENIGSTE troos is, dat ons na liggaam en siel, in lewe en in sterwe aan Christus behoort.

Mag die Here ons versterk en moed gee ook in hierdie tyd van Covid 19, om te onthou dat ons volkome aan Hom behoort, na liggaam en siel. Dat ons nie hoef te vrees nie. Dat die dood ons nie van Hom kan skei nie... Maar dat ons met 'n volkome hart Hom sal dien en eer en verheerlik, in lewe en in sterwe want daartoe het Hy ons vry gekoop!

Lourens (vdm)

## Diakonie

Onder vlak 3 van die inperkings kan meer ouers weer begin werk alhoewel skole nog gesluit is. Dit is voorwaar 'n uitdagende situasie.

Die diakonie wil probeer help deur die skakel te wees tussen persone wat kinderoppassers benodig, en die persone wat dié dienste kan lewer.

Stuur 'n epos aan diakonie@gkcenturion.co.za en verskaf inligting tov jou behoefte of diens wat aangebied kan word. Ons sal poog om die verskillende belangegroepe met mekaar te verbind.

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949 Rudy Kruger: 082 468 6035



## BYBELGENOOTSKAP INSAMELINGSPROJEK

### *2 Miljoen Bybels-projek*

In 2020 is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 200 jaar oud en een van die hoogtepunte vir hierdie herdenkingsjaar is die *2 Miljoen Bybels-projek.* Deur hierdie projek wil die Bybelgenootskap twee miljoen Bybels onder Suid-Afrikaners versprei wat nie 'n eie Bybel kan bekostig nie. Dit is bo en behalwe die bykans een miljoen Bybels wat die Bybelgenootskap elke jaar versprei.

Ongeletterdheid in Suid-Afrika is 'n groot probleem en daarom sluit die *2 Miljoen Bybels-projek* ook die verspreiding van twee miljoen stelle Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies in.

Die Evangelisasiekommissie het dié insamelingsprojek in Oktober 2019 geloods en tot op datum is R66 830 aan die Bybelgenootskap oorbetaal. Ons dank die Here vir hierdie mooi bedrag wat reeds ontvang is. Ons mikpunt is om R100 000 vir hierdie projek voor die einde van 2020 in te samel (1000 lidmate x gemiddeld R100 elk). Wees 'n saaier van hoop!

Tydens die grendeltyd is dit nie moontlik om skenkings in die kassies by die deure te plaas nie en is die inbetaling via EFT in die kerk se bankrekening die enigste manier. Gebruik asb. verwysing: *Bybelgenootskap*

Daar is 'n nuwe projek ten bate van die Bybelgenootskap se *2milj Bybels-projek* waaraan julle kan deelneem: *Virtuele Run & Walk for Hope* wat oor die naweek van 22 & 23 Augustus 2020 plaasvind.

Vir meer inligting en om in te skryf gebruik die volgende skakel:
https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/.

Soli Deo Gloria!
Eddy Niezen 0834552760- Namens die Evangelisasiekommissie.




## *Susters*

1. Dankie vir almal se ondersteuning met die Grendel-Winkel. Die Grendel-Winkel gaan steeds voort totdat die inperking opgehef word. Alle fondse wat vanaf Augustus gegenereer word, sal vir Sustersaksies aangewend word.

2. Die Seniorfunksie wat vir September geskeduleer was, sal nie plaasvind nie. Die Susters werk egter aan 'n lekker bederf vir die Seniors. Ons kontak julle binnekort om reëlings te tref.

3. Op 12 September hou die Susters 'n "Parkeerkafee" vir al die Susters van die gemeente. Jy wil nie hierdie geleentheid mis nie. Hou die Kommunikaatjie dop vir meer inligting.

## Versoek van die Diakonie

Die Diakonie het besluit om in die lig van die Covid 19 pandemie en die inkomste verliese binne ons gemeente 'n inisiatief te begin waar ons mekaar kan ondersteun.

- Indien u, u werk verloor het en werk soek. Stuur 'n epos aan diakonieskriba@gkcenturion.co.za en dui tipe werk wat u soek aan. Inligting sal streng vertroulik hanteer word.
- Vakante poste waaroor u as werkgewer beskik.
- Indien u, u eie besigheid het, stel ons asseblief in kennis wat u doen en die kontaknommer van u besigheid, of as u enigiets verkoop. Ons versoek dat mense mekaar binne kerkverband ook hierin ondersteun bv. as u 'n loodgieter is XXX loodgieters – kontak no. XX en kontak persoon XX.

Inligting moet die diakonie op 'n Woensdag om 10:00 bereik vir verwerking en plasing in die week se nuusbrief. Stuur besonderhede na diakonieskriba@gkcenturion.co.za.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Heerlike tuisgebak.** Melktert, piesangbrood, mielie-kaas brood, lemoenbrood en heerlike wortelkoekbroodjie met roomkaasversiersel. Bestellings moet 24 uur vooraf geplaas word vir afhaal Vrydae. Charvette 082 319 4172.

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/ wietske@childtherapist.co.za.

**Skryfbehoeftes** vir skool en kantoor, kantoor masjiene, laser-gravering. Hein Greyling 664 3560/ hein@10uit10.co.za.

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes - www.jaggedpixel3d.net. Johan 0833816454/ jagged@lantic.net.

**Instandhouding**—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 082 927 4326 / hj2vdwalt@gmail.com.

**Wildskarkaste te koop**, klaar geslag, moet self bewerk word. Pryse en meer inligting kan bekom word by Johan—hj2vdwalt@gmail.com.

**Mariza Mosca Professionele Rekenmeester** (SA) vir maandelikse rekeningkundige, betaalstrokies en belasting werk aan klein tot medium-grootte besighede. Mariza 082 405 8565/ mariza.saipa@gmail.com/fb: @MMProfAcc.

**Laerskool kinderoppasser/Naskool**, Valhalla omgewing. Martie de Jonge by 071 108 5944/ smitm7783@gmail.com.

### Werksoekers

**Die volgende persone stel belang in poste soos geadverteer:**

Tuindienste en enige werkies, sal ook nuwe vaardighede aanleer. Soek ook werk asb as iemand van iets weet. Kontak asb Johan by hj2vdwalt@gmail.com.

Persoonlike Assistent/kantoorbestuurder/ Bemarkingsbestuurder/Ontvangsdame vir spreekkamers. Sulize Kotze 079 795 6163/ sulizekotze@yahoo.com.

Soek enige rekenaarwerk om van die huis af te doen. Ek beskik oor al die rekenaarprogramme. Rina Burger 082 853 8215.



# *VERJAARSDAE*

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 09-Aug | Rohan | de Beer | B10 | 27825508836 |
| | Dineke | de Jonge | B12 | 27828077883 |
| | Rika | Hoffman | B07 | 27726917675 |
| | Charlene | Snyman | B17 | 27733404004 |
| | Rinus | Venter | A16 | 27827392477 |
| | Ria | Vorster | A12 | 27828551305 |
| 10-Aug | Lennard | De Souza | A08 | 27718525035 |
| 11-Aug | Gerrit | Kamper | B10 | 27731715630 |
| | Hannes | Rademan | A05 | 664 2585 |
| | Jani | Rex | A04 | 27761643198 |
| | Greg | v Aswegen | A04 | 27826210514 |
| 12-Aug | Jan | Kooiman | A09 | 27834683383 |
| 13-Aug | Bernice | Admiraal | B15 | 27824517884 |
| | John | Lombard | B19 | 27822964379 |
| | Werner | Pretorius | B02 | 27827758932 |
| | Thea | Westervelt | C09 | 27824512007 |
| 14-Aug | Carike | Basson | B09 | 27827718119 |
| 15-Aug | Petro | Oosthuizen | A16 | 27824034053 |
| | Leon | Venter | C01 | 27824557149 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10-Aug | Ryno | v Nieuwenhuizen | C08 | 27764029885 |
| 11-Aug | Juhné | vd Heever | B18 | 27720252971 |
| | Heinrich | v Heerden | B02 | 27828112988 |
| 12-Aug | Amelia | Silvis | A05 | 27824663651 |
| 14-Aug | Michael | Fourie | C05 | 27834066414 |
| | Henre | Sweers | A05 | 27836011253 |
| | Paul | Sweers | A05 | 27836011253 |
| | Emily | van Wyk | A08 | 27833163781 |
| 15-Aug | Marijke | Mostert | A02 | 27846029594 |

## Eljada Huis

Baie dankie vir die skenkings wat ons ontvang het vir Eljada Huis. Dit word opreg waardeer.

Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, sardyne in tamatiesous, *gebakte bone*, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.

Kontak Petra Swanepoel by 082 927 7324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel op **14 en 28 Aug** in die trollie by die Jeughuis plaas, tussen 16h00 en 17h00.

## Grendel-Winkel

**14 Augustus**

Vetkoek en maalvleis R25
Hoenderpastei (hoender gaar/gevries) R40
Melktert R40
**Beskuit (500g)** keuse van:
Boer/karringmelk/growwe/all bran R50
**Koekies (500g)** keuse van: Choc chip/ gemmer/vla/kondensmelk/koffie R50
**Droë vrugte** (500g tensy anders vermeld)
Ongeskilde perskes R45
Geskilde perskes R60
Gemaalde perskes R45
Nektariens R50
Pruimedante R45
Gemengde vrugte R50
Vrugte lekkers R40
Appelringe (250g) R35
Pere R45
Vrugtevlokkies (250g) R40
Pererolletjies (suikervry 100g) R15
Appelkose R45

**Bestellings sluit 12 Aug, 12:00**

Plaas bestellings by Liana 071 600 0368

Bestellings kan **14 Aug** tussen **16:00 en 17:00** by kerk opgetel word